

Sing vooraf staande: Psalm 25:3 (p. 116)

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriendlike oë / is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:1, 2 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

Die laaste deel van ons gebed is die *Onse Vader* – onmiddellik na die *Amen* .

Skrifberyming 10-2:1 (28B).

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Skriflesing: Efesiërs 6

Teks: Efesiërs 6:18; Kategismus Sondag 45

**terwyl julle met gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees,
... (Efesiërs 6:18 AFR53)**

Die Here roer hier 'n baie sensitiewe saak aan – ons gebedslewe.

- Soos dit hier staan, is dit duidelik dat die Here veronderstel dat bid dié deel van jou geloofslewe behoort te wees wat prakties die meeste gedoen moet word.
- Ons gebede is die vernaamste deel van ons dankbaarheidslewe. Daarmee dank en loof ons God die Almagtige voortdurend vir sy genade en sy liefde en sy versorging oor ons. Bid in die Gees. Bid by elke geleentheid.
- Daarom staan daar in 1 Tessalonisense 5:17 geskryf: **Bid sonder ophou.**

Kom ons kyk in hierdie preek na twee sake:

1. Die gesindheid van deelnemers aan 'n openbare gebed

2. My gesindheid as ek alleen bid of in 'n binnekring van mense bid

Ons kry hoofsaaklik twee soorte gebede.

- Die een is die gebed in ons binnekamer. Dit is waar ons alleen ons nood en behoeftes voor God uitstort.
- Die ander gebed is die openbare gebed. Dit is om voor mense te bid by 'n bepaalde geleentheid.

1. Die gesindheid van deelnemers aan 'n openbare gebed

Matteus 7:7, 8 en Lukas 11:9 leer ons met die volgende woorde:

- **Bid**, en vir julle sal gegee word;
- **soek**, en julle sal vind; **klop**, en vir julle sal oopgemaak word.
- Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en **vir hom wat klop, sal oopgemaak word**.

Om te soek en te klop teken nogal die beweging wat daar by ons is om uiteindelik by die regte adres uit te kom: Ons hoort in die huis van God, daarom moet ons pad vra daarheen – soek – en as ons daar aankom, klop, want ons hoort in die ewige Vaderwoning. Jesus Christus is hier weg met die belofte dat dit presies die plek is waar Hy vir ons gaan plek gereedmaak.

Dit behoort dus so te wees dat hierdie gedeelte van ons godsdiens, naamlik om te bid, prakties die meeste beoefen word. En tog is die waarheid dat dit die deel van ons geloofslewe is wat dikwels die meeste verwaarloos word. Daar is mense wat feitlik nooit bid nie.

Daar is verskeie redes waarom mense nie bid nie.

- Een rede is dat hulle as kinders nooit by hulle ouers geleer het om te bid nie. Hulle het nie geleer dat dit deel van hulle lewe is nie, en hulle weet ook nie waarvoor en hoe mens moet bid nie. Daarom bid hulle ook nie as hulle volwassenes is nie.
- 'n Ander rede is ongeloof. Sommige mense bid nie omdat hulle nie in die Here glo nie.
- Ander mense dikwels nie omdat hulle bloot te lui is om godsdiens te hou, en daarmee saam te lui is om te bid.
- Die gevolg daarvan is dat sulke mense te min geloofsoefening kry, en as gevolg daarvan dikwels kort loop aan vertrouwe op die Here!

Nou moet u oplet hoe sondig ons is. Ons huiwer maar almal wanneer ons in die openbaar moet bid.

- Wanneer ons in die openbaar bid, is ons dikwels meer bekommerd oor watter kritiek mense op ons gebede mag hê as wat ons is oor ons **gemeenskap met die Here**.
- Ons eerste oorweging vir huiwering wanneer ons bid, moet die feit wees dat ons in **gesprek tree met God**, nie ons vrees oor wat die ander mense van my gebed sal sê nie.
- Die feit is net dat nie een van ons 'n volmaakte gebed kan bid nie, want ons is almal sondaars.

Het u al besin oor wat die doel van 'n openbare gebed is, soos wat ek namens ons almal doen aan die begin en aan die einde van elke diens?

- Die doel is dat die betrokke groep mense wat daar bymekaar is, een persoon kry wat namens hulle die woord met God voer.
- In hulle gedagtes volg hulle die bidder woord vir woord. Hulle beaam – al is dit in stilte – elke woord wat tot God gespreek word: die lof en die dank en die smeking.

Wanneer iemand dus voor ander mense bid, moet daar by die hele groep in die eerste plek die besef wees dat hulle deur die bidder in verbinding is met God.

- Hulle moet dan dadelik hulle aandag en gedagtes op God rig.
- As daar dan iemand is wat luister om te kritiseer, is daar fout met sy gesindheid, en dalk ook met sy geloof.

Natuurlik sal enige ware gelowige huiwer wanneer hy bid, omdat hy besef hy staan voor die ewige God.

- Dit is een ding om vir 'n ander mens te sê wat ons dink en voel, maar dit is heeltemal 'n ander saak om dit vir God te sê.
- Die Here het mos vir Moses gesê dat niemand Hom kan sien en bly lewe nie.
- En as ons bid, staan ons in die gees in sy troonsaal voor sy troon. Daarom die opdrag in die teksvers: **Bid in die Gees!**

Dit is nie onmoontlik om in die Gees te bid nie. U kry hierdie vermoë as een van die genadegawes wat die Here Jesus deur sy kruisversoening aan ons laat toekom. Die Heilige Gees is ná die kruisiging teruggestuur om ons te lei en te troos. Hy lei ook ons verstand wanneer ons bid.

- Maar jy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel, *want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.* (Jakobus 1:6)

Toe Jesus die dood oorwin het, het Hy weggegaan na die hemel toe. En omdat Hy nie meer met sy liggaam hier is om sy kerk te lei en te beskerm nie, het Hy op 'n ander manier voorsorg gemaak. Hy het sy Heilige Gees oor die kerk uitgestort.

Die Heilige Gees rond in 'n sekere sin die werk van die Here Jesus in ons af. Op die aarde lei die Heilige Gees ons in die gebed, en terselfdertyd bid Jesus ook aan die regterhand van die Vader. Jesus is nou ons Voorspraak en Voorbidder by die Vader.

Broeders en susters, bid by elke geleentheid. Bid in die Gees. Onthou dat elke gebed 'n direkte gesprek en verbinding is tussen ons en God. Ons gebede bring ons baie naby aan God.

2. My gesindheid as ek alleen bid of in 'n binnekring van mense bid

Elke gebed is 'n oomblik van waarheid. Niemand kan voor die Here gaan staan en lieg nie. Daarom moet ons in ons gebede eerlik en opreg ook ons sondes bely. Die Here Jesus het dit ook baie reguit en onomwonde gesê:

Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid. (Johannes 4:22-24).

Dit was ook nie so 'n nuwe gedagte nie. In die Ou Testament het die kerkvolk dit al gesing:

Die HERE is naby almal wat Hom aanroep, *almal wat Hom aanroep in waarheid.*
(Psalms 145:18)

Op hierdie punt is die gebed wat ons in ons binnekamer bid, moeiliker as om in die openbaar te bid,

- want in 'n binnekamergebed moet ons persoonlik ons verkeerde dade op die naam voor God bely.
- Ons kan nie pleit vir genade sonder dat ons eers met berou voor God bely het wat ons verkeerd gedoen het nie.

Kyk na die eerste verskille tussen die openbare gebed en die binnekamergebed:

- In die openbaar bid ons vir die saak waaroor dit gaan en dan in die algemeen vir vergifnis, en vir genade.
- In my binnekamer bid ek nie in die wydte nie –
 - ek smeeek God vir genade om my op bepaalde vlakke te help om die sonde te oorkom,
 - en ek smeeek daar vir bepaalde dinge wat ek verkeerd gedoen het: Here, vergewe my!

Wat ooreenstem in al twee die soorte gebede, is dat die Here sy verhoring van so 'n gebed koppel aan die feit dat die inhoud van ons gebed binne die reëls van sy openbaring moet lê:

- En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, **dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.** (1 Johannes 5:14)
- Ons moet dus bid wat die Here gedoen wil hê. Sy belange staan voorop in die dinge wat ek van Hom vra!

Die deel waaruit ons preek, het verder die opdrag dat ons sonder ophou moet bid. Dit beteken dat ons biddend moet lewe.

- Ons moet elke oomblik bid – waar ons kos maak, terwyl ons motor bestuur en waar ons by ons lessenaar sit en werk.
- Dan het ons nog daarby vaste gebedstye, soos aan tafel voor en na ete, en voor ons gaan slaap, en wanneer ons opstaan.

Ons moet elke oomblik saam met God deurleef.

- Die ware bidder is 'n mens wat besef dat hy elke oomblik die God van hemel en aarde by hom het, en dat hy elke oomblik met hierdie God moet en kan omgaan.
- 'n Voorbeeld van so 'n man in die Bybel is Henog (Genesis 5). Die Bybel leer dat hy met God gewandel het. Hy het, soos dit in ons teksvers staan, biddend geleef.

Die gebed het natuurlik verkeer na twee kante toe.

- Aan die een kant stel ons ons in op die werking van die Heilige Gees.
- Maar aan die ander kant stel ons ons ook oop vir inspraak van God in ons harte deur die Heilige Gees wat in ons woon.

Dit is waarom Paulus skryf dat die vereiste vir 'n opregte gebed is dat ons gelei moet word deur die Heilige Gees.

- Elke gebed wat ons bid, is inderwaarheid die Gees van God wat ons gees voorsê en lei!
- Daarom is die ware gebed eerlik, en is die berou wat daarin bely word opreg, en is die smeking daarin gestroop van hoogmoed.

Hier in Efesiërs 6:17 en 18 word die gebed vasgemaak aan die Woord van God. Die gebed is nie net 'n dankmiddel nie; dit gaan ook saam met die swaard van God waarmee ons ons vyande beveg. En om dit te kan doen, so leer die Bybel hier, moet ons 'n deeglike kennis van God se Woord hê. Dit beteken persoonlike en vaste omgang met God die Almagtige.

Dit gaan dus nie daaroor of ons gebed lank of kort is nie. Dit gaan glad nie daaroor of ons mooi kan bid nie. Dit gaan daaroor dat ons gebed heilig en waar moet wees. As ons deur die Heilige Gees bid, dan is ons gebed aangenaam vir die Vader.

Romeine 8:26, 27 lees so:

En net so kom die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike versugtinge. En hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree. (Romeine 8:26, 27 AFR53)

Die troos wat ons in ons gebede het, is dat die middelaarswerk van die Here Jesus tot gevolg het dat Hy nou deur sy Gees in ons woon. Die Bybel leer ons dat die Here Jesus vir ons sondes gesterf het. Maar dit is nie al nie: Hy het ook vir ons gebede gesterf.

Kom ons lees Kategismus Sondag 45 saam.

Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).

(a) Ps 50:14. (b) Matt 7:7; Luk 11:9, 13; 1 Tess 5:17.

Vraag 117: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte aanroep (b) vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid (c). Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken (d) sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig (e). Ten derde het ons hierdie vaste grond (f) dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g) soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het (h).

(a) Op 19:10; Joh 4:22-24. (b) Rom 8:26; 1 Joh 5:14; Jak 1:5. (c) Joh 4:24; Ps 145:18. (d) 2 Kron 20:12. (e) Ps 2:11; 34:19; Jes 66:2. (f) Rom 10:14; Jak 1:6. (g) Joh 14:13;16:23; Dan 9:18. (h) Matt 7:8; Ps 27:8.

Vraag 118: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het (a).

(a) Jak 1:17; Matt 6:33.

Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed?

Antwoord: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

(a) Matt 6:9-13; Luk 11:2-4.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 81:1, 4, 12 (p. 411)

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 4 Want dis die bevel / wat alom weerklink het / onder Israel;
dis die groot gebod / van 'n troue God / wat aan ons gedink het;
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 27 Januarie 2013